

# 6 September 2026

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

Erediens: 08:30

Kinderkerk/Sondagskool

Geen (basaarnaweek)

## Prediker:

*Ds Rika van Vuren*

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

**Sondag: Bybelgenootskap**

**Volgende Sondag: Voedselbediening**



# DEURKOLLEKTE

DEURKOLLEKTE

# PROGRAM VIR DIE WEEK:

## Volwasse Kategese Sondagaand 18:00

## TIX Maandag 18:00

## Kekkels Dinsdag 10:00

## Sopkombuis Woensdag 10:00

## Vrouebybelstudie Woensdag 10:00

## Dieper Delf Donderdag 10:00

## JEWLS Donderdag 18:00

## Herfsgenote Vrydag 10:00



# VERJAARSDAE

## 6 September - 12 September

### 6 September
George de Jager
Arno Ferreira
Dries Jenkins
Melinda Matthysen
Divan v Helden
Minette Viljoen

### 7 September
Waldemar Badenhorst
Luandré Beukes
Mieke Crouse
Grant de Jager
Leon Harmse
Pieter Schoeman
Juvan Smit
Carl v Schalkwyk

### 8 September
Christiaan du Preez
Marius Kruger

### 9 September
Vogan Lambrechts
Andre Malan
Nicoline Nel
Anrich Pretorius
Mitchell Redelinghuys
Elizna Rossouw
Kaylin Saayman
Hannelie Smit
Phillip Snoer
Lynette Loggerenberg
Marco v Rooyen

### 10 September
Ruan Beneke
Retha Calitz
Ingrid Jonker
Zander Neethling
Wian Swanepoel
Nella Theunissen v Rooyen
Johan Visser

### 11 September
MJ Ackerman
Kyra Erwee
Danie Faasen
Lafras Moolman
Danny Muller
Lazelle Petzer
Sandra Scheepers
Elsie Swart
Nicolize v Heerden
Wernich v Heerden
Abi Wiehahn

### 12 September
Saloma Buchan
Johan du Buson
Heideli du Plessis
Elbie Grobler
Reneé Mc Grath
Jan Uys
Nandi v Heerden
Brendan Wiehahn

Indien jy bewus is van 'n naam op die lys van iemand wat dalk al oorlede is, of ons gemeente verlaat het, laat weet asb die kerkkantoor. Dit help baie om ons data op datum te hou.

*Baie geluk aan almal!*

Mag hierdie week vir julle vreugde, gesondheid, liefde en baie mooi herinneringe bring. Geniet elke dag en mag die nuwe lewensjaar oorvloedig geseënd wees!

Geopende Deure

WêRELDWAARNEMINGSLYS

# #46 NEPAL

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

WWL 2026

**Vernaamste bedreigings:** Godsdienstige nasionalisme, stamonderdrukking

**Streek:** Asië

**Christelike bevolking:** 1 480 000 (4.7%)

**Meederheidsgeloof:** Hindoe

TOTALE PUNT 67%

- Vra God om gelowiges wat van Hindoeïsme bekeer het, wat deur hul families, hul gemeenskap en hul plaaslike regering geteiken kan word, te beskerm en te onderhou.
- Bid dat stabiliteit sal terugkeer, aangesien politieke onstabiliteit 'n omgewing geskep het waar Hindoe-ekstremiste Christene kan aanval sonder vrees vir gevolge.
- Bid dat God die harte van Hindoe-ekstremiste wat gelowiges in Nepal teiken, sal verander.
- Bid vir almal wat deur die afgelope week se vloede geraak is.

DRUK 70.8%

GEWELD 45.6%

# UIT ONS ARGIEWE...

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

**So na die Bybel op die kansel geplaas word, word die Votum uitgespreek. Daarna oorhandig die orrelbouer die sleutel van die orrel aan die orrellis en spreek ‘n kort woord. Die gemeente sing dan Ps 148. Skriflesing en die Wydingsgebed word deur ds Du Plessis gedoen. O lieflik is Sion sal dan deur ‘n koor gesing word. Die Wydingspreek sal deur ds Burger van die Sinode gedoen word.**

# 75 Gebedspunte

'n Pad van 75 kragtige gebede

## FASE 5

# Diensbaarheid & Sending

## WEEK 16: 6 - 12 September

## GEMEENSKAPSWERK

46. 'n Hart vir armes
47. Liefde vir die gemeenskap
48. Geleenthede om goed te doen



# DIE HERFSGENOTE

## HOU 'N FLIEK OGGEND

onder in die Gat

**Vrydag 11**
SEPTEMBER

**wees asb 09:45 reeds in die Gat**


NG Middelburg-Suid
75
Ons Kyk Anders
TIX
Tieners in Christus
Elke Maandag
18:00-19:00
WHO?
Graad 8 tot Graad 12 is welkom
Lekker eet- en drinkgoed
en baie PRET
NG Kerk Middelburg-Suid
DON'T MISS OUT!


NG Middelburg-Suid
75
Ons Kyk Anders
JY WORD HARTLIK UITGENOOI NA
Dieper Delf op
Donderdae
Elke Donderdag
om 10:00
Bring jou eggenoot, vriend of
vriendin en kom delf dieper in die
Woord.
Vir navrae kontak ds. Hardus
AFRIKAANSE
BYBEL-
KONKORDANSIE
(Nuwe Vertaling)
Jesus is nie (net) in die hemel nie
WARE VERHALE VAN GOD

## #WELKOM BY ONS GEMEENTE #ROOI BEKER VAN LIEFDE

As jy 'n nuwe intrekker of besoeker is, of jy is al 'n rukkie by ons gemeente maar voel nog bietjie vreemd, nooi ons jou uit om uit 'n rooi beker jou koffie na kerk te geniet! Dit help die gemeente om jou as 'n nuwe gesig te herken.



**ONS IS OPGEWONDE OM JOU TE ONTMOET!**

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

Is jy geskei of besig om te skei en voel jy oorweldig met al die emosies waarmee jy moet saamleef? Kom sluit aan by ons "DIVORCE CARE" ondersteuningsgroep, ons begin weer Sondag na die erediens om 09:45.



Skakel gerus die Pastorale Sentrum vir meer inligting.

# BRING JOU OU BRIL

**Voor by ons kansel is daar 'n krat waarin jul jul ou brille kan plaas. Ons het 'n afsetgebied gekry waar die brille herbenut kan word vir mense wat nie 'n bril kan bekostig nie.**

***75 jaar - ONS KYK ANDERS!***

# 75 DAE OM TE GAAN

VANAF 11 SEPTEMBER WIL ONS DIE DAE BEGIN AFTEL TOT EN MET ONS VERJAARSDAG OP 24 NOVEMBER, OP 'N UNIEKE MANIER! ONS WIL DAN ELKE DAG 'N FOTO PLAAS VAN JULLE MET 'N SPESIFIEKE NR TUSSEN 1 EN 75!

DIE GOOGLEFORM IS OP ONS WHATSAPPGROEP, WAAR JULLE KAN 'SKIET' VIR 'N NR. WANNEER DIE NR REEDS GENEEM IS, SAL DIT NIE MEER BESKIKBAAR WEES OM TE KIES NIE. SO GAAN KYK VINNIG SODAT JY JUL SPESIALE NR KAN KIES!





**ONTHOU OM ASB SO VINNIG MOONTLIK JUL FOTO TE STUUR NA 060 970 8277**

# HERFSGENOTE

**Hierdie is 'n heerlike saamkuier groep wat lekker aktiwiteite doen! Alle pensioenarisse is baie welkom. Kom kyk bietjie wat ons doen!**







Vir enige navrae kontak vir Minnie by 073 790 3043






# Flinke vroue

## Liefde met opgerolde moue

Die Vrouebediening skep 'n veilige ruimte binne die gemeente waar gelowige vroue oor generasies heen verenig kan word.

Hier word vroue gemotiveer om deur lag en trane bymekaar te leer. Waar vroue mekaar motiveer om geestelik te groei sodat ons in die kerk en gemeenskap kan floreer.

Ons bediening wil op verskillende terreine in die gemeente 'n diens lewer.

Jou spesiale gawes en talente kan op 'n besondere wyse tot eer van die Here aangewend word.

*Daarom het ons jou nodig!*

Lin van Niekerk -
082 972 6540

Twee is beter as een, saam bereik hulle meer in hulle werk. 'n Driedubbele tou breek nie maklik nie.

- Prediker 4



NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

## KOM SIT AAN BY ONS

# Langtafel

## OM FEES TE VIER!

# 20

**NOVEMBER**
**OM 17:30**
**KOGELSTRAAT**

R150 per persoon
R75 per kind onder O/12
Bring gerus jou eie drinkgoed



**Skakel die Kerkkantoor vir navrae - 013 243 3765**

Grant & Kaylin

# KLEIN DINGE, GROOT VERSKIL!

Kom ons bring 'n bietjie liefde, warmte en hoop na kinders in 'n kinderhuis.

## ONS SAMEL IN:

**TEDDIES**
**KOMBERSE**



## HOEKOM?

Baie kinders het nie die voorreg van 'n sagte teddie of 'n warm kombers nie.

Kom ons wys hulle dat hulle gesien, geliefd en nooit alleen is nie.

## WAT ONS BENODIG:

**TEDDIES**
(Nuut of in goeie toestand.)

**KOMBERSE**
(Nuut of skoon en in goeie toestand.)

**LIEFDE EN OMGEE**
(Dit maak die grootste verskil!)

## WAAR EN WANNEER KAN JY JOU DONASIE AFGEE?

**PLEK:** NG Middelburg-Suid (Kerkkantoor)

**DATUM:** Maandae - Vrydae

**TYD:** 08:00 - 13:00

ELKE DONASIE, ELKE TEDDIE EN ELKE KOMBERS MAAK IEMAND SE DAG 'N BIETJIE WARMER.

## KONTAK ONS:

Grant: 074 327 2191
Kaylin: 082 607 4022

**SAAM KAN ONS HOOP GEE.**
**SAAM KAN ONS 'N VERSKIL MAAK.**

**BAIE DANKIE VIR JOU ONDERSTEUNING!**




Voor by al ons deure is daar dankofferkoeverte wat jul kan gebruik vir kontant dankoffers wat jul dan in die kollektesakkies by die banke of deure kan ingooi.

# #JEWLS



STAAN VIR:

Jong Enkellopende Werkende Lekker Selgroep!

Elke Donderdag om 18:00 by die kerk tydens skoolkwartale.

Vir meer inligting skakel vir Lorraine by 076 302 6982

## Projek:

## "Gee 'n drukkie met 'n Blikkie"

In hierdie swaar tye, wil ons as Voedselbediening jou en jou gesin nooi om asb, as jy kan, 'n blikkie kos te skenk vir ons gemeente se gesinne wat weens omstandighede nie kos kan koop nie.




Baie dankie en liefde van die Voedselbediening.

handwaspoeier

sponsies

**SKOONMAAKMIDDELS**

vadoeke

skottelgoedseep

lyfroom

waslappe

**TOILETWARE**

koekie seep

tandepasta

2-in-1 shampoo

**PLAAS ASB IN DIE VOEDSELKRATTE BY DIE DEURE**



Ons het 'n wonderlike hekel- en brei groep genaamd **KEKKELS!**

Hierdie groep kom bymekaar om 10:00 hier by die kerk, bykans elke Dinsdag van die jaar, want dit is só lekker!! Hier word heerlik gekuier en nuwe projekte aangepak. As jy wil inskakel, skakel vir Edri by 061 015 2294





Die Kekkels het 'n groooot klomp komberse, musse, serpe, ens gemaak en by die CMR gaan aflaai. Dit is wonderlike werk wat hul doen! Hul wolvoorraad is egter nou baie laag, so hul vra asb dringend vir skenkings. Elke oorskiet stukkie wol word gebruik en regtig waardeer! Jul kan enige tyd by die kerkkantoor kom aflaai.



Ons het 'n SOPKOMBUIS elke Woensdagoggend vir hawelose mense. Dan word daar vir ongeveer 80 mense 'n brood en 'n bakkie sop gegee. Daar is ook pastore wat vir hul 'n kort boodskap gee met gebed. As jy graag wil help met sop kook vir hierdie wonderlike uitreik, kontak asseblief die kerkkantoor vir meer inligting.



# Subscribe op die gemeente se Youtube bladsy.



NG MIDDELBURG-SUID

@ngmidsuid

Bly op hoogte van elke Sondag se erediens!

# STEL JY BELANG IN TEGNOLOGIE?

Wil jy jou gawes en belangstelling gebruik in Sy koninkryk?

Ons het jou nodig!

Kom dien die gemeente deur te help met:

- Die klankbord
- Die projeksie rekenaar
- Die video livestream

Al weet jy nie hoe nie, moenie bekommer nie, ons leer jou! Jy sal eers saam met "ou hande" werk voor jy dit op jou eie doen.

Kontak ds Hardus 082 493 4055, Peet Kruger 082 887 1763 of Kruger Henning 082 801 2923

09 : 15

## NG MIDSUID KOMMUNIKASIE



**As jy deel wil wees van die whatsappgroep wat al die nuus en alles wat gebeur in die gemeente ontvang, asook die weeklikse preke en afkondigings, laat weet asseblief die kerkkantoor.**

**Whatsapp 060 970 8277**
**of epos admin@midsuid.co.za**
**of skakel 013 243 3765**
**tydens kantoorure**
**08:00 tot 13:00.**



# PERSOONLIKE INLIGTING

Laat weet asb die kerkkantoor as jou adres, kontaknrs, huwelikstatus ens verander het, of as jou gesin groter of kleiner geword het.

Laat weet ons as jy die gemeente verlaat of trou. Die kerkkantoor weet veral nie as jy trou nie. Wat is jou huweliksdatum, jou nuwe van of nuwe adres? Ons wil ons data op datum hou, en het jou samewerking nodig asb.



## Hoe kan ek my bankkollekte of deurkollekte gee?

Ons het die skandeerkode ook op die kollektesakkies gesit. As jy ontdek jy het kontant vergeet vanoggend, maak die Zapper app op jou foon oop, en 'tap' net die kode wanneer die sakkie by jou verbykom. Indien jy alreeds 'n betalingswyse op jou foon gelaai het, is dit 'n vinnige en maklike proses.

zapper™

**Onthou om asb net die regte verwysing in te sit, bv bankkollekte of deurkollekte sodat ons finansiële kantoor die bedrae reg kan allokeer.**

# VROUE BYBELSTUDIE

**Kom hou bybelstudie saam met vroue van God! Woensdae oggende om 10:00 hier by die kerk, tydens skoolkwartale.**





# HULP BENODIG!

Ons het persone nodig om te help met teeskink op Sondae.

Indien jy bereid is om te help skakel asb vir Monica op 076 636 7666.

As jy reeds Sondae koffie en tee nuttig, oorweeg dit asb om te help.




**Die GEDENKMUUR op ons kerkterrein is vir baie van ons 'n ideale en veilige plek om ons geliefdes se herinnering te eer. As jy meer wil weet oor 'n nissie, kontak vir Gerrie by 079 262 9892.**

**Daar is blommehouers by ons Gedenkmuur. Wanneer jul 'n nissie besoek, plaas gerus jul blomme binne-in die plastiekhouer binne-in die staal emmer. Daar is ook kaartjies en penne beskikbaar. Sou jy 'n boodskap wou skryf, kan jy dit by die blomme vasknip.**





